Publication: VROUEKEUR
Date: 2015-09-04
Page: 18 -- Part 1 of 2

'N NUWE begin

Gee jou vel 'n hupstoot met ons wenke en produkte vir 'n gesonder, gelukkiger vel

Deur NATASHA VAN WYK

Daar is bevind dat 'n verlies aan slaap 'n groter impak op vroue as mans se gesondheid het. Te min slaap is ook duidelik op jou vel sigbaar. So wat kan jy doen? Bo en behalwe 'n vroeër bedtyd is daar 'n paar truuks en produkte wat kan help om 'n moeë gesig op te kikker.

POWWERIGE OË & DONKER KRINGE

Waterretensie is die groot oorsaak van powwerige oë. Drink baie water en let veral op na jou soutinname.

Stres speel ook 'n rol.

Donker kringe is veral soggens sigbaar nadat jy vir lank gelê en die bloed onder jou oë "opgedam" het.

Omdat die vel hier so dun is, is die bloedvate opvallender. 'n Verlies aan volume – wat aan veroudering gekoppel is – en te veel kafeïen of alkohol speel ook 'n rol.

Sit twee komkommerskywe op powwerige oë. Dit het 'n koel en kalmerende effek en werk vinnig.

HOU DIT FERM

Namate jou vel verouder, verloor dit fermheid as gevolg van verminderde kollageenproduksie en elastisiteit wat afneem.

Te veel sonblootstelling, rook, sekere medikasie en dehidrasie dra by tot pap vel. Gebruik altyd sonskerm, of jy binne of buite is, en wees op die uitkyk na produkte wat die tekens van veroudering vertraag.

Langtermyn-oplossing

Probeer 'n lasergesigbehandeling. **The Laser Beautique** se ***Cinderella Facial***, is 'n gesigbehandeling met voedende ***RegimA***-produkte en wat met *Near Infrared Technology* werk. Dit verhit jou vel om selle te stimuleer en herbou kollageen.

R900 per sessie, vier tot ses sessies word aanbeveel, een elke week, www.thelaserbeautique.co.za

MAAK SÓ

STAP 1 Verwyder dooie selle en skilfer met 'n goeie velskrop af. Dit help ook dat produkte die vel vinniger en dieper binnedring.
STAP 2 Kies 'n oogmasker spesifiek vir jou oë se behoeftes soos powwerigheid, donker kringe of plooie. Gebruik elke dag 'n oogroom.
STAP 3 Probeer 'n gesigmasker. Gebruik 'n kleibasis as jou vel olierig is en 'n romerige een as jou vel droog is. Los dit vir 20 minute aan en spoel met louwarm water af.

Produkfoto's HEMA PATEL en Gallo Images/iStock ***Alle pryse is die voorgestelde verkoopprys***

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission